

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

VOORBLAD

Maar julle... wie, sê julle, is Ek?

Mense het nog altyd verskillende opinies oor Jesus gehad. In Matteus 16: 14 lees ons dat die mense gedink het Hy is Johannes die Doper, Elia, Jeremia of een van die profete. Net so bestaan daar vandag ook verskillende opvattinge oor Jesus. Een so 'n opvatting kom na vore in die onderhoud met dr Flip Schutte in *Beeld* van 21 November 2008. Tereg sê dr Schutte in die onderhoud dat dit sý standpunte is en dat ander mense wel anders daarvoor kan dink.



Natuurlik sluit geloof nie kritiese navorsing uit nie. Wanneer die kerk egter iets oor Jesus sê, is dit meer as maar net mense se opinies. Dit is 'n belydenis. En 'n belydenis is nie iets wat met navorsing bewys hoef te word nie. Dit is 'n standpunt wat 'n mens in die geloof inneem. Dit is soos Jesus dit aan Petrus stel: *...dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is* (Matt 16: 17). Daarom is die woordjie **maar** in Jesus se vraag aan sy dissipels so bepalend: *Maar julle... wie, sê julle, is Ek?* (Matt 16: 15). Die dissipels en veral Petrus verteenwoordig die kerk in die Evangelies se verhale oor Jesus. Jesus se vraag impliseer dus dat die kerk se belydenis oor Hom iets anders is as maar net 'n mening. Petrus se belydenis is een van die kerk se vroegste en kortste belydenisse oor Jesus: *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (Matt 16: 16). Wanneer Jesus dan sê dat Hy sy kerk op hierdie rots sal bou, verwys Hy nie na die persoon van Petrus nie, maar wel na Petrus se belydenis.

Mense se opinies oor Jesus is dikwels vir ons ontstellend en verwarrend. Laat ons egter onthou dat daar maar nog altyd mense was wat sake soos Jesus se goddelikheid en die Drie-eenheid van God in twyfel getrek het. Dit gebeur dat mense se menings soos domino's omval as dit gewoon op menslike navorsing en kennis berus. Maar ons geloof in Jesus Christus word vir ons 'n stewige rots wat vir ons vastigheid in die onstuimige lewe bied.

Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur

*** Volledige kommentaar oor die onderwerp sal in *Die Hervormer* van Januarie/Februarie 2009 verskyn.

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 25 November 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -

www.nhk.co.za

Hervormer webwerf -

www.hervormer.co.za

e-Hervormer -

www.hervormer.co.za/page03.html

Hervormer LIG! -

www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -

epos@hervormer.co.za

Nuus en berigte -

nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op e-Hervormer

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep bedank

Ds Nardus Enslin van Sasolburg na Declercqville.

Vakante standplase

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za indien u uitgebreide inligting oor vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za wil plaas.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Hannes Janse van Rensburg** (foto) en sy gesin neem op Sondag 30 November afskeid van Gemeente Oos-Moot, waar hy sedert 2007 gewerk het. Hy het die beroep aanvaar na Gemeente Zuurfontein, wat vakant was sedert die afsterwe van ds Chris van den Berg. Ds Janse van Rensburg het voorheen die gemeentes Onverwacht en Vaalwater bedien.
- **Ds Albert Minnaar** (foto) en sy gesin word op Sondag 30 November deur Gemeente Barberton ontvang. Hy word dan in sy standplaas bevestig en lewer sy intrepreek. Dr Fanie Pretorius sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gelukwense aan die gemeente en ds Minnaar oordra. Die standplaas van Barberton was geruime tyd vakant nadat ds Duvies Duvenhage besluit het om van Lewenstaart te verander. Prof Bieks Beukes het die gemeente die afgelope maande pastoraal versorg.
- **Mev Yvette Otto**, vrou van **dr Johan Otto** van Gemeente Premiersmyn, was die afgelope tyd ernstig siek. Dit gaan tans beter en sy word 'n spoedige en volkome herstel toegebied.
- Ons wens **prof Piet Geysler**, redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*, 'n spoedige herstel toe na sy operasie.
- Die volgende briefie is ontvang van **ds Mariaan Schutte** (foto) wat voorheen aan Gemeente Philadelphia verbonde was:

Na twee jaar is ons bietjie kiwi en baie Afrikaner. Die eerste twee jaar was taai. Mens verlang. Mens hoop. Mens twyfel. Ek het gewonder of ek weer sal preek. Dinge was so anders hier. Al die Suid-Afrikaners was 'n mengelmoes van allerhande kerke. Die sang was vreemd. Die mense baie baie hartseer – of dalk was dit ek.

Maar ek skryf die briefie om te vertel ek gaan nou elke maand 'n gereelde erediens in Wanganui en Palmerston North hou. Die aanvraag is groot. Die uitdaging seker nog groter. Gelukkig is genade onuitputlik.

Dit is 'n bietjie taai met my laaste jaar MA in maatskaplike werk aan Massey. Ek swot buitemuurs. Geniet dit en dit maak weer deure oop. Baie gehelp met die aanpassing. Maar my grootste liefde is my roeping, al het ek al daaraan getwyfel – en ek bieë, soms nog steeds. Voel bietjie soos Moses; wens daar was 'n Aäron.

Môre is die eerste Sondag. Ek en Stefan het baie gebid. Sal klein begin, maar die nood is regtig groot. Mense kry swaar weg van die huis af. Ek skryf want al hou ek erediens in Nieu-Seeland, my kerk is in Suid-Afrika.

- **Prop Francois Evert** (foto) is op Vrydag 14 November hertoegelaat tot die evangeliebediening en is nou beroepbaar in die Kerk.
- Geluk aan die **predikante wat verjaar**. Hulle is prof Theo Koekemoer (27 November), dr Barry van Wyk (28 November), ds Jan Wilson (30 November), prof Yolanda Dreyer, ds At van den Berg en ds Rudi van Wyk (1 Desember), ds Kalla Fourie (2 Desember), en drr Willem Smith en Sanrie de Beer (3 Desember).



- **Gemeente Primrose-Oos** en die ringskommissie van Zuurfontein het die Kommissie van die AKV versoek om hulle te help met strategiese beplanning oor die toekomstige bearbeiding van die gemeente.
- **Gemeente Carletonville** is op 1 Desember 50 jaar oud. Alle vorige predikante en oudlidmate van die gemeente word uitgenooi om die feesnaweek van Saterdag 29 en Sondag 30 November by te woon. Saterdag sal daar boeresport en 'n geselligheid wees, en Sondag is daar 'n Nagmaalrediens en 'n gemeente-ete. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 788 4706 vir meer inligting.
- **Gemeente Meyerspark** bied op Sondag 30 November 'n **Kerssanguitvoering** met Rina Hugo aan ten bate van die Christelike Seemansorganisasie (CSO). Dit begin om 18:00 in die gemeente se kerkgebou, en toegang is gratis. Die deurkollekte sal aan die CSO bewillig word. Kry meer inligting by 012 803 7528, of by San-Marie Basson (082 950 6458).
- Predikante word genooi om in Desember vakansie te hou en terselfdertyd te preek in **Kampersrus**. Ds Martin Jansen van Rensburg van Gemeente Phalaborwa en konsulent van Kampersrus skryf soos volg:

Gemeente Kampersrus is tans vakant. Ons nooi graag predikante wat gedurende Desember vakansie wil kom hou in die omgewing van Hoedpruit, die Krugerwildtuin en Swadini, om in die pastorie te kom tuisgaan en te preek op Sondae. As vergoeding word petrolgeld van en na Pretoria gebied, asook vergoeding vir eredienste wat waargeneem word, en verblyf in die pastorie. Ons benodig iemand om die dienste waar te neem vanaf Sondag 7 Desember tot Sondag 28 Desember, en op Kersdag. Die gemeente is naby Swadini geleë, en ons sal reël vir dagpermitte sodat die gesin kan gaan uitspan aan die voete van die mooi Drakensberge van die Laeveld. Skakel met die skriba, oudl Chris Joubert, by 083 289 0629 indien u belangstel.

- **Statistieke** toon die volgende veranderings gedurende **2008** ten opsigte van predikante:
 - 12 predikante het geëmeriteer.
 - 3 predikante het die land verlaat.
 - 14 predikante het van lewenstaat verander en is onthef.
 - 6 predikante is oorlede.
 - Gedurende die tydperk 1 November 2007 tot 1 November 2008 is 72 beroepe uitgebring. Slegs 20 is bedank, en 52 is dus aanvaar.
- Die name en kontakligting van alle **voornemende studente** van enige tersiëre instelling in **Bloemfontein** kan aan **dr Johan Nel** deurgegee word by 083 400 0267. Tydens registrasie sal die predikante en studentekerkraad ouers en studente ontmoet. Daar is ook 'n interkerklike aanbiddingsgeleentheid op Sondag 11 Januarie 2009 om 16:30 in die NG Studentekerk (Kovsiekerk), waar die predikante van die verskillende denominasies studente sal ontmoet.
- Die studentegemeente **Philadelphia** nooi al die **2009-eerstejaars** van die Universiteit van Pretoria na 'n Eerstejaarskamp van 10 tot 15 Januarie 2009 by Kwaggasrus naby Brits. Die koste is R595 vir die ses dae. Eerstejaars aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie kan ook die kamp meemaak. Kontak Rina by 072 416 8768 of Jean by 083 290 6191 vir meer besonderhede.
- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word van 13 tot 16 Januarie 2009 op 'n Eerstejaarskamp by Serube Sa Phakwe verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Skakel ds Denton by 018 294 3509 of 082 459 9710 vir meer inligting. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.
- **Eerstejaarstudente van Stellenbosch** word genooi na 'n kamp van Saterdag 17 Januarie 13:00 tot Woensdag 21 Januarie 11:00. Die koste is R300 vir die vier dae, alles ingesluit. Studente wat nie die kamp bywoon nie, skakel gewoonlik ook later nie by die gemeente in nie. Die kamp is dus belangrik vir studentebearbeiding. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 / 021 887 2685, of Paul van der Merwe by 072 317 9784 vir meer inligting. Die name en kontakligting van jongmense wat volgende jaar in Stellenbosch gaan studeer, kan ook aan ds Le Roux gestuur word.

ANDER NUUS

- **Dr Kobus Labuschagne** het vanweë sy druk werk by die Fakulteit Teologie bedank as lid van die Raad vir Ekumene. Aangesien die Kommissie onlangs bykomende lede vir die Raad benoem het, word daar nie iemand in die plek van dr Labuschagne benoem nie.



- Die **Moderamen** voer op Saterdag 29 November gesprek met die Moderamen van die **MRCC**. Dr Daan van Wyk, visevoorsitter, sal as voorsitter optree. Prof Natie van Wyk, direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), dr Wim Dreyer, sekretaris vir apostolaat, en dr Jaco Beyers, voorsitter van die Raad vir Apostolaat, woon die gesprek by. Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), sal praat oor die MIV-program van die ADV. Die gesprek sal veral handel oor die verhouding tussen die twee kerke, die teologiese opleiding, die daarstel van memoranda, en die besluite van die 68ste AKV.



Dr Daan van Wyk



Prof Natie van Wyk



Dr Wim Dreyer



Dr Jaco Beyers



Dr Wilhelm Coetzer

- Die Kommissie van die AKV het by sy onlangse vergadering skrywes van die **HCM Fourie Stigting/Vriendekring** en van die redakteur van *Leer- en Lewenskwessies* behandel. Aangesien daar 'n informele samespreking vroeg in 2009 plaasvind en daarna ook weer meer formele samesprekings gereël sal word, het die Kommissie besluit om nie op die skrywes te reageer nie. Die gesprek met die Stigting/Vriendekring vind in opdrag van die 68ste AKV plaas.
- Tydens die onlangse vergadering van die Kommissie van die AKV is die **halfjaarverslae** wat van rade ontvang is behandel, en kennis geneem van die vordering wat gemaak is met die opdragte van die 68ste AKV.
- Die Kommissie het verneem dat die opdrag rondom die **hervertaling van die belydenisskrifte**, 'n taak wat aan die Tussenkerklike Raad (TKR) opgedra is, nog nie op dreef is nie. Die TKR is versoek om persone wat bykomend vir die taak benoem is, daarby te betrek en spoedig met die werk te begin.
- Die NG Kerk het die **volledige Liedboek op CD** opgeneem. Dit kan aangekoop word. Die Komitee vir Kerkmusiek het ook 'n CD met 'n wye verskeidenheid liedere wat in eredienste gebruik kan word. Die Kommissie het die Raad vir Erediens versoek om die moontlikheid van 'n CD van die Liedboek te ondersoek, met koormusiek as begeleiding.
- Die Kommissie het 'n handleiding vir **toegang tot die Argief** van die Kerk, in terme van Wet 2 van 2000, goedgekeur. Die handleiding is na kerkrade gestuur vir kennisname. Dit sal ook in die portaal van die Kerkkantoor en by die Argief aangebring word.
- **Mnr Riek van Rensburg** (foto links), argivaris van die Kerk, word op 20 November 65, en tree aan die einde van Desember af na 28 jaar in diens van die Hervormde Kerk. **Mnr Nándor Sarkady** (foto regs), wat reeds 13 jaar in die Argief werk, neem van Januarie 2009 af volle verantwoordelikheid vir die Argief.



- Die Raad vir Ekumene berei tans 'n memorandum voor vir die gesprek met die World Alliance of Reformed Churches (**WARC**) vroeg in 2009. Verskeie sake wat vir die gesprek noodsaaklik is, sal in die memorandum vervat word. Dit sal ook aan ouderlingevergaderings en ringskomitees vir predikante beskikbaar gestel word vir kennisname en kommentaar.
- Die verspreiding van die **Almanak en Bybelse Dagboek** word vanjaar onder leiding van dr Wouter van Wyk deur lede van die redaksie en ander personeel van die Kerkkantoor gedoen. Waar gemeentes naby mekaar is, sal die boeke waarskynlik op een sentrale plek afgelaai word. Gemeentes wat mense kan stuur om hulle besending by die Kerkkantoor in Pretoria te kom afhaal, moet asseblief **dringend** reëlings tref met mev Cecile Naudé, tel 012 322 8885 of sentik@nhk.co.za.
- Kerkrade wat die **eredienskollekte in die Kerstyd** vir barmhartigheid wil afstaan, kan oorweeg om 'n kollekte aan lidmate in Zimbabwe te bewillig. Oudl Rinus Grau berig dat lidmate hier en daar wel nog geld in die bank het. Die geld is egter feitlik niks werd nie, en hulle kan op een dag na 'n toustanery van ure net genoeg geld kry om een brood te koop.

- Die **Raad vir Kerk en Wêreld** en die **Komitee vir Kerk en Teologie** vergader op Woensdag 26 en Donderdag 27 November vir die laaste keer vanjaar.
- Lede van die Moderamen voer op 1 Desember gesprek oor **to care** en die **HTS** met persone wat daarby betrokke is.
- Mev Marina Francis, wat gekroon is as *Mrs Modern Woman* en gaan inskryf as *Mrs United Nations*, is betrokke by die **Sonitusskool vir Gehoorgestremde Leerders**. Sy hou op 27 November om 10:00 'n partytjie by Sonitus vir die Taalgroepoerders (graad RR en jonger). Om 12:00 oorhandig Zeiss Optronics rekenaars by die skool, en om 17:00 vir 17:30 word die koshuis se Kersfunksie gehou, waartydens geskenke aan koshuisleerders uitgedeel gaan word. Tree in verbinding met die skakelbeampte, Retha Pretorius, by 012 800 1161 x251 / 082 293 8235 indien u op enige wyse by Sonitus betrokke wil raak.
- Die Kommissie van die **ADV**, in samewerking met **Solidariteit Helpende Hand** en **Damelin**, bied aan lidmate en nie-lidmate die kans om hulle lewensomstandighede te verbeter. Leerders kan opgelei word in 'n verskeidenheid programme, wat indiensopleiding en 'n praktiese komponent insluit. Na suksesvolle voltooiing van die kursus sal 'n nasionaal erkende kwalifikasie toegeken word. Die program kan enige tyd begin, en duur tussen drie maande en 'n jaar, afhangend van die vlak volgens die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Die programme sluit onder meer Projekbestuur, Sakebestuur, Korttermyn-versekering, Langtermynversekering, Sweiser en Plaatwerker/Ketelmaker in. Die kursusse word in Afrikaans aangebied en daar is geen voorskrifte ten opsigte van die rassesamestelling of ouderdom van die beurshouers nie. Die student kry dus gratis opleiding; Damelin reël vir werkloses 'n werkgewer wat die opleiding behartig; die student kry 'n salaris van die werkgewer, en opleiding in sy/haar dorp/skooling indien daar tien of meer is vir 'n bepaalde kursus; hy/sy kry praktiese en teoretiese ondervinding en 'n nasionaal erkende en geakkrediteerde sertifikaat. Kontak dr Danie Langner, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, by Daniel@solidariteit.co.za.
- Die **afsluitingsfunksie** van die personeel van die **Kerkkantoor** vind op Vrydag 28 November plaas. Daar sal dié dag geen personeel beskikbaar wees nie. Die Kerkkantoor sluit vanjaar op Dinsdag 23 Desember en heropen weer op Maandag 5 Januarie 2009.

ADVERTENSIES

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** het 'n tweedehandse rooiletter **elektroniese liedjebord** beskikbaar. Dit is ideaal vir jong of klein gemeentes wat nie 'n projektorstelsel kan bekostig nie. Dit is ook geskik vir skole. Kontak George Marais by 083 300 0554 of 015 287 1251 (w).
- **Gemeente Turffontein** het 'n vakature vir 'n **orrelis**. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 vir meer inligting.
- **Gemeente Philadelphia** het kamers vir **2 studente** beskikbaar in die wooneenheid Fleur de Lis. Dit is op die kerkgronde geleë en is binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria. Die kamers is selfversorgingseenhede. Die huur beloop R2 000 per maand. Navrae kan gerig word aan Lynette Lourens by 012 362 7237.
- Daar is 'n **tuinwoonstel te huur in Rietondale, Pretoria**. Slegs vir 'n enkelpersoon werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Dit is geleë digby universiteite, Brooklyn en die middestad. Die enkelkwartiere bestaan uit kombuis/woon-/slaapvertrek met badkamer en oop stoep en met onderdakparkering. Geen troeteldiere word toegelaat nie. R1 800 per maand, water en ligte ingesluit. 'n Deposito van R1 800 is betaalbaar. Vir meer inligting, kontak Jan Oberholzer by jan@nhk.co.za, 012 322 8885 (w) of 082 851 1081.
- **Oorwinningskinders** is 'n groep jong Hervormers wat konserte hou om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.
- Die **NHSV** hoofbestuur se resepteboek **Smul met smaak** is teen R100 beskikbaar van die NHSV kantoor. Skakel mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of 082 429 1565.



- Geniet egte Suid-Afrikaanse gasvryheid by **Das Kleine Wunder B&B** in Centurion. Dit is naby Centurion Mall (3 km), Centurion Lifestyle Centre (2 km) en Unitas-hospitaal (5 km). Besoek hulle webtuiste by www.dkwbb.co.za, of skakel Elize Biewenga by 082 441 6906 of emerituspredikant ds Theuns Botha by 082 688 8955 of 012 663 2375.
- **Gutes Heim B&B Gastehuis** is een minuut vanaf Unitas-hospitaal en vyf minute vanaf Centurion se besigheidsdistrik, Supersport Park, en die Zwartkop-, Irene- en Centurion-gholfbaan. Dit is geleë in Cantonmentweg, Lyttelton. Kontak die gasvrou, Denise, by tel 012 664 2803 / niesie.engelbrecht@gmail.com. Hulle webadres is www.gutesheim.co.za.
- **Op pad Kaap toe in Desember?** Dan is **De Voor Gasteplaas by Colesberg** 'n moet! 'n Nag se oorstaan of sommer 'n volbloed uitspan kan die lang pad baie korter maak. Kom geniet armsvol weelde in die Bo-Karoo by Christa en Andries Breytenbach. Tel 012 348 1003, 072 401 5464 of 051 753 1377 (laasgenoemde gedurende die vakansie).
- 'n Skoon, volledig toegeruste **uitsigwoonstel** (oor see, strandmeer en gholfbaan) is beskikbaar in die pragtige en veilige **Gansvallei-oord, Plettenbergbaai**, van 15 Desember tot 2 Januarie. Daar is 2 slaapkamers en 2 badkamers, vir 'n maksimum van 6 persone. Skakel Nettie du Toit by 084 517 6877, en sien www.goosevalley.net vir meer besonderhede.

AGTERBLAD

Op 26 November 1983 is die Emily Hobhouse Monumenttehuis in Pretoria in gebruik geneem, en 25 jaar later, op Woensdag 26 November, is dankbaar teruggekyk op groot seën, en hulde gebring aan die baanbrekers in wie se spore nou gevolg word.

Die sprekers is aan die woord gestel deur Johan van Huyssteen, Bestuurder Bejaardesorg. Marita Fourie, voorsitter van die NHSV hoofbestuur, het gesê dat 25 jaar maar 'n oomblik in die ewigheid is. Die Monumenttehuise het ontstaan vanuit die vrou van die Hervormde Kerk, en soos wat Emily Hobhouse haar gedurende die Anglo-Boereoorlog oor weerlose vroue en kinders ontferm het, vind bejaardes beskerming en liefde binne die mure van dié tehuis.

Manie Dreyer, wat 25 jaar gelede ook by die inwydingsfees was en steeds klinies-terapeuties by die bejaardes betrokke is, het vanuit die Woord getuig dat God altyd daar is om ons te onderskraag. Die psalmdigter se noodkreet, *Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie* (Ps 71), word in die Nuwe Testament geantwoord met die versekering, *Moet julle nie bekommer oor julle lewe... nie* (Matt 6: 25). Maar die opdrag is steeds dat geloof tot aksie moet oorgaan: *Wat help dit... as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?* (Jak 2: 14). Dit is daarin dat die NHSV en die Monumenttehuise, en elkeen wat daarby betrokke is, uitblink, want hulle werk is geloof in aksie.

*** Lees ook die berig oor die feesviering in *Konteks* van Januarie/Februarie 2009.



Manie Dreyer en ds Willie Roos



Johan van Huyssteen en Marita Fourie